12 Desember 2021

FAMILIE TUISBLAD

Sefanja 3:14-20

'n Nuwe toekoms

God is aan die werk, in en deur die geskiedenis. God se reddingsplan is dat ons almal vriende met mekaar en met God sal word. God werk elke dag aan hierdie plan. God het die mag om hierdie plan te laat werk, en God wil hê ons moet help. Hierdie plan beteken dat ons 'n nuwe toekoms het, 'n nuwe toekoms waar ons leef om God se liefde sigbaar te maak.

Lees: Sefanja 3:14-20

Gesels:

- Hoekom dink jy wil God vir ons 'n nuwe toekoms gee?
- Wat dink jy is tekens van hierdie nuwe toekoms wat God vir ons gee?
- Hierdie teksgedeelte is ook 'n lofgedig aan God, omdat God vir ons 'n nuwe toekoms gee. Waarvoor wil jy vandag vir God loof?

Bid: Neem die Adventgebedsblokkie, wat ons herinner dat ons grootste geskenk Jesus se liefde is, en rol die blokkie elke dag 3 keer. Bid vir die dinge waarop die blokkie land.

Doen: Maak die kerstoneel wat jy vir iemand as geskenk kan gee. Gebruik toiletpapierrolle, kurkproppe, wasgoedpennetjies of teken die toneel – hier is ook 'n paar idees. Die kerstoneel herinner ons aan ons nuwe toekoms, want God is so lief vir ons dat God vir Jesus gestuur het om ons te wys hoe ons met liefde moet leef in hierdie nuwe lewe.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **God se reddingspad** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za